# Noordwes DRAKENSBERGERS



NUUSBRIEF - AUGUSTUS 2025

## Van Ossewa tot oorlaaide Google drive

***… en nog steeds soek ons almal tyd om klaar te maak.***

Kom ons klim saam op die ossewa van ouds en trek stadig maar seker deur die stof van die tyd, totdat ons met donderende haastigheid in ons moderne, gejaagde lewens vasval.
In die ou dae het beeste ossewaens getrek…

Vandag trek hulle net aandag op TikTok met "mooo-deling" videos!
Dis 'n lang pad van osspoed na superspoed, maar wie sê ons kan nie saamreis van daardie dae toe Oupa sy bul met 'n fluit geroep het, tot vandag waar boere met apps kan sien wanneer 'n koei wil kalf nie !

## *Drakensbergers is soos familie*

As daar een ding is wat die Drakensberger kan doen, is dit oorleef. Van ossewaens tot bakkies met Wi-Fi en aircon – dié bees was nog altyd deel van Suid-Afrika se storie. Toe die eerste Europeërs hulle beeste met plaaslike kuddes kruis, het 'n geharde ras ontstaan wat klippe, koue en droogtes kon vat sonder om te kla.
In 1947 het boere die Drakensberger Beestelersgenootskap gestig. Van toe af was dit nie meer sommer net 'n plaasbees nie, maar 'n stamboek-ster met rekords en bulle met CV's langer as party politici se beloftes.

**Hoekom Drakensbergers?**

- Die Hilux van die beeswêreld – loop orals.
- Koeie kalf maklik, geen drama.
- Sagte vleis, basies biltong op pote.
- Gesond en gehard – minder veearts, meer koffie vir die boer.

As jy mooi kyk, is die Drakensberger eintlik soos familie: Oupa se bees wat die Voortrekpad oorleef het, Pa se bees wat droogtes getrotseer het, en nou jóú bees wat selfs op Instagram kan pronk met **#ProudlySouthAfricanBeef**.

## INDEKS


2 Ou nuus
2 Nuwe nuus
3 Verwelkom nuwe en ou lede
5 Tegniese raad aan boere

# Van toeka tot vorentoe!

**In 2007 is die Noordwes Drakensberger Klub amptelik gestig deur 'n groep toegewyde lede.** Die klub het vir jare 'n dinamiese en gewilde netwerk van entoesiastiese telers en boere gevorm. Soos baie ander, het ons ook die impak van Covid, uitdagende boerdery-omstandighede en 'n wankelende ekonomie gevoel – en met tyd het die klub begin stil raak.



GAZETTE 27 Maart - 2 April 2007

## Telers stig Drakensberger-klub

Die Noordwes Drakensberger-klub is tydens 'n onlangse vergadering in Klerksdorp gestig.

Die belangstellende telers wat op die vergadering teenwoordig was, het eenparig besluit om die klub te stig.

Die klub is geaffilieer by die Drakensberger Beestelersgenootskap en is die genootskap grootliks behulpsaam met die bevordering van die ras deur onder andere plaaslike organisasie.

Daar is tans ses stoettelers in die streek. Die klub beoog om hul eerste amptelike Drakensbergerveiling gedurende Oktober 2007 te hou.

Alle Drakensbergertelers en belangstellendes word versoek om die klub by 082 326 3228 te skakel.

**Maar nou, in 2025, staan ons weer op – sterker as ooit!** Met hernude gees, nuwe energie en die ou bekende Drakensberger-trots, bring ons weer vir julle goeie nuus, praktiese idees en inspirasie.

Hierdie nuusbrief is nie net vir hardcore telers nie – dit is spesifiek gerig aan **ons kommersiële boere**. Die wat elke dag op die grond staan en wil sien wat wérk. Ons wil julle wys en oortuig **waarom die Drakensberger die ras is om mee te boer.** Van sy aanpasbaarheid tot sy vleisgehalte – hierdie beesras maak ekonomiese sin.

# NWDK Lede *...van Ossewa tot Hilux*

Hier is die eerste drie dapper lede wat hulle storie vertel. In die volgende uitgawe kom daar nog drie aan die beurt. Ons kan mos nie nou al al die boontjies uitgooi nie... dan sit ons later met 'n droë pot en geen verrassing nie!

*Hou vas – dis 'n nuwe era vir die Drakensberger in Noordwes!. Ps-sstt (jy hoef nie in die Noordwes te boer om lid van die NWDK te word nie, Gautengers tot ander kant Gordonia en ander planete se boere is ook welkom.*


*Hier is ons Wortels & Vlerke met 'n effense bekendstelling (wortels vir die gevestigdes en vlerke vir die wat nou opstyg)*

**PIET DE VILLIERS**
Krugersdorp
Rietkol Drakensberger Stoet

Rietkol stoet het ontstaan met beeste uit die Dwarspruit stoet wat vanaf 1947 bestaan, Dit was eers bekend as die Pelaan stoet wat van Mont Pelaan na Vrede verskuif is in 1953 en van 1967 as die Rietkol stoet geregistreer is. Ek ken Drakensberger Stoetbeeste vandat ek kan onthou. Huidig is die stoet baie klein, 15 koeie, loop naby Randfontein op die plaas Lily Valley. Ons gaan dit weer uitbrei na 60 koeie met die hulp van Mnr Tertuis Nell 'n blomboer van formaat. My aktiewe bydrae tot Drakensberger teling strek oor 60 jaar, as boer, lanbou onderwyser, kursusleier en keurdersopleiding, bemarker by Nampo, stig van 2 studiegroepe wat ons beesras bevorder van die winsbees-ras om mee te boer. Groete Piet de Villiers



**MONYA ESTERHUIZEN**
Mobaza Drakensberger Stoet




Die eerste stoetkoeie is van Buffalo Valley se golden oldies aangekoop in 2014 (toe agt jaar oud, laaste koei haar deel bygedra tot 2024), en later nog 'n paar aankope uit verskeie teelkuddes. Dit is 'n klein stoet omrede dit 'n nuwe bedryf is vir my, maar ek het al goeie vordering gemaak! Soos met my bul Kaptein BZ220005 wat die ras verteenwoordig het tydens die Elite Bulgroeitoetsklas, Bloemfontein in 2025. Die doel is om medium-raam, funksioneel doeltreffende, veldpresterende diere te teel, wat hulself kan handhaaf onder omstandighede. Dus verbeter die ras, vermeerder jou wins!

## NWDK Lede...*van Ossewa tot Hilux* (vervolg)

**PHILIP VAN STADEN**
Stadig Boerdery

STADIG BOERDERY het begin toe ek 'n plaas aangekoop het, rofweg 35 jaar gelede. Die plaas is geregistreer in 'n mynboumaatskappy wat ek moes koop om die plaas te bekom. Die maatskappy is herdoop met my bynaam van laerskooldae af.

Die rede vir die aankoop was dat ek met skoonpa ooreengekom het dat my gesin sou plaastoe kom (my vrou se erfgrond) wanneer ek veertig en hy sewentig is. Dit het toe eers 'n jaar later, Desember 2000, gebeur. Met die koms het skoonpa my 60 verse gegee en ek het nog 60 gekoop. Jong verse, gereed vir die bul. Skoonpa het vroeer dae 'n Afrikaner stoetery bedryf en het later bonsmarabulle gebruik. Die verse was van die afstammelinge.

My pa het my van Bonheim af twee bulle gegee, en dit was die begin. Ons het eie aanteel begin terughou en binne 'n baie kort tyd was die kudde pikswart. (Die Afrikaner kruisings was wild en ongeskik, met heelwat hoefprobleme).

Oor die jare het prakties al die bulle wat ons gebruik het en steeds gebruik van Bonheim af gekom. Hier en daar het Johan (van Staden, Bonheim) my bulle van ander telers aangebied wat in Bonheim Stoetery gebruik is. Ons het laasjaar vir die eerste keer 'n bul ingekoop (van Fanie van Dyk, Brakenjan).

Ek het ook by twee geleenthede vroulike diere ingekoop. Jare gelede op die veiling van Krynaauwslust op Vrede, en pas by Beukes Willemse op memel.

Stadig Boerdery is in beginsel 'n kommersiële speenkalfprodusent – wat natuurlik ook ou koeie en uitskot bulle verkoop. Ek kry van tyd tot tyd navraag uit my omgewing van mense wat bulle soek en ek het meesal een of twee beskikbaar vir die plaaslike ouens wat nie 'n stoetbul soek nie, maar wel 'n Drakensberger.

In beginsel dus is hier nog nooit 'n bul in die kudde gebruik wat nie 'n geregistreerde drakensberger stoetbul is of was nie. Dit is in die kudde sigbaar.



# TEGNIESE NUUS & RAAD

## Wenke om kalwers sterker te speen – sonder drama by die draad!

Speentyd kan stresvol wees – vir jou én vir die kalwers! Maar met 'n bietjie beplanning kan jy hulle help om gesonder, sterker en rustiger deur dié oorgang te kom.

**1 Begin vroeg met kruipvoer**
Laat kalwers reeds van 2–3 weke oud aan kruipvoer knibbel. Dit help die pens ontwikkel en maak speen later makliker.

**2 Maak speen 'n proses, nie 'n skok**
Skielike speen = gestresde kalwers. Oorweeg gedeeltelike speen (soos nose flaps of geleidelike skeiding) om spanning te verminder.

**3 Speen wanneer die kalwers sterk is – nie wanneer jy moeg is nie!**
Kies 'n tyd sonder ander stresse soos entings, hittegolwe of vervoer. 'n Kalf wat reeds aan harde kos en water gewoond is, sal makliker aanpas.

**4 Bied genoeg skoon water en hoëgehalte voer aan ná speen**
'n Gespeende kalf wat nie lekker eet of drink nie, gaan nie groei nie. Sorg vir voer met goeie energie, proteïen en smaaklikheid.

**5 Beheer parasiete vóór speen**
Kry die wurms, bosluise en luise onder beheer sodat kalwers nie teen die onsigbare veg wanneer hulle ook hul ma mis nie.

**6 Moenie vergeet van vitamiene en minerale nie**
'n Kort kursus Vit A, fosfor of spoorminerale kort ná speen help om immuniteit en eetlus op dreef te hou.

**7 Hou kalm – vir almal se part**
'n Stil, rustige hantering help. Moenie met 'n lawaai en honde die kalwers uit hul ma's jaag nie. Hulle onthou dit lank!



Gegrond op wenke van Dr. Louis du Pisani, bekende veevoedingskundige, en aanbevelings van *Ruminant Veterinary Association of South Africa* (RuVASA) oor beste speenpraktyke vir kalwers.

# DIE DRAKENSBERGER

DIE geskiedenis van die Drakensbergerbeesras is nog 'n heel interessante — in 1947 het 'n kommissie vasgestel dat die sogenaamde Uysbees vir doeleindes van die Veeverbeteringswet as ras erken moes word omdat die beeste goed by hul omgewing aanpas en dus ekonomies 'n nuttige funksie vervul; ook besit hulle voldoende erfdwang vir die oorplasing van hierdie funksie en het hulle alreeds 'n mate van veredeling ondergaan.

Aangesien ook ander boere as die Uyse gehelp het om die ras te ontwikkel, is besluit om die beeste die „Drakensbergerbeesras" te noem.

In 1948, nadat die aanbevelings van die kommissie deur die Minister van Landbou goedgekeur is, is die Drakensberger-beestelersvereniging gestig.

### WAAR DIE BEESTE VOORKOM

Die naam Drakensberger dui op die omgewing waarin die ras die meeste voorkom. Op die platorand in die distrikte Harrismith, Memel, Vrede, Volksrust en Ermelo word hierdie swart beeste in groot getalle aangetref. Ook aan die voet en teen die hange van die platorand in die distrikte Estcourt, Ladysmith, Newcastle, Utrecht, Vryheid en Paulpietersburg kom daar groot kuddes van dié beeste voor.


Hierdie hoog- en laerliggende distrikte is op boerderygebied nou met mekaar verbind. In die herfs trek baie van die hoëveldse boere nou nog na die warmer laerliggende distrikte waar hulle bly totdat dit weer lente is. Voor 1947, toe die Drakensbergerras nog nie erken was nie, het boere met hul Drakensbergers na hierdie laagliggende Natalse distrikte gevlug tydens die streng toepassing van die Veeverbeteringswet.

Vandag word die ras in groot getalle in Zoeloeland gevind. Die ras pas hom baie goed aan by die warm, vogtige klimaat, daarom die vinnige toename in getalle

### HERKOMS

Waar kom die Drakensbergers oorspronklik vandaan?

Almal is dit eens dat een van die Voortrekkers, oom Swart Dirk Uys, 'n groot aandeel in die teel van die Drakensbergerbeesras gehad het. Van sy vader het hy 'n Vaerlandsch Friesch gekry en hierdie bul is onder andere gebruik om die ras te teel. Kruising tussen die Vaerlandsch Friesch en die inheemse beeste het die grondslag van die ras gelê.



Tipiese Drakensbergerbul, met lang, sterk rug en vol lende. Die kruis is lank maar vol tog effens na agter. Die hare is blouswart, blink en fyn.

Die botsing op 19 Oktober 1836 tussen die Voortrekkers en die Matabeles by Vegkop het waarskynlik indirek 'n groot invloed op die Drakensbergerbeesras gehad. Al die Trekkers se vee is toe gesteel nl. 5,000 beeste, 100 perde en 50,000 skape. Die Trekkers het toe met die Basoetoe's onderhandel vir vee om die waens verder te trek. Onder die vee sou ook koeie gewees het.

In 'n studie oor die Basoetobees wat prof. J. H. R. Bisschop gemaak het, blyk daar 'n besonder groot ooreenkoms tussen dié beeste en die Drakensberger van vandag te wees. Die Basoetobees moes waarskynlik ook 'n aandeel in die ontwikkeling van die Drakensberger gehad het. Die Drakensberger net soos die Basoetobees pas hom so goed in die platorandgebied aan en het sy oorsprong in die gebied gehad.

Oom Swart Dirk Uys het hom in die Umkomaasvallei gevestig. Ander Voortrekkers het in verskeie gebiede van Natal gaan bly. Dit laat mens dink dat daar Zoeloebeesbloed ook in die Drakensberger moet wees. Hierdie invloed kon egter net gering gewees het want die Zoeloebees se kenmerkende regop horings en kleiner bouvorm kry mens slegs af en toe in die Drakensbergerveestapel. Die 1947 Kommissie van Ondersoek het hierdie gedagte ook bevestig.

Later het oom Swart Dirk Uys en sekere ander Trekkers Natal verlaat en hulle trapsgewys in die hoëveld van Wakkerstroom, Volksrust, Memel en Harrismith gevestig. Maar terugslag en vermindering van die veestapel was daar ook, soos byvoorbeeld as gevolg van die Tweede Vryheidsoorlog. Daarna is die goeie werk deur oom Swart Dirk Uys se seuns voortgesit met die beeste wat hulle gedurende die oorlog versteek het. Dit is dan ook uit hierdie kudde van Coenraad Uys dat mnr. M. J. Uys sy Drakensbergerkudde opgebou het terwyl die bekende kudde van oom Tai Tai Uys uit dié van Swart Cornelius Uys ontstaan het. In 'n mindere of 'n meerdere mate bevat die meeste

*deur*

*D. L. REINECKE*

kuddes vandag van hierdie bloedlyne.

### TEELRIGTING EN HOEDANIGHEDE

Vandag word hierdie ras vir vleis geteel. Baie boere melk egter die koeie en kry redelike inkomste uit hierdie bron. Die Vaerlandsch Friesch het sy spoor hier gelaat: heelparty koeie moet na kalwing uitgemelk word omdat die kalwers nie al die melk kan uitsuip nie. Dit is dan een van die redes waarom Zoeloelandse boere graag met hierdie ras boer. Maar eintlik word die klem vandag gelê op vleisproduksie, met daarby genoegsame melk by die koeie om swaar speenkalwers te gee.

Dis interessant om verder te let op die feit dat 'n rekord karkasgewig en gradering vir ouderdom nog deur 'n Drakensbergerveldossie uit Zoeloeland gehou word. Op 20 maande (ongewissel) het die ossie 691 pond op die haak geweeg, as 'n super A gegradeer en R96 skoon gelewer. Die rekord sou nie opgestel kon gewees het as sy moer nie baie melk gehad het nie.

Hierdie ras pas hom by suurveldomstandighede uitstekend aan — net soos die blesbok, wat jaar in en jaar uit vet bly op suurveld. In baie koue omstandighede ontwikkel die ras, net soos die Basoetobees, 'n wollerige haarbedekking. Dit beskerm hom teen die bittere koue van die hoëveld sodat daar nie spesiale voorsorg vir skuiling vir hom gemaak hoef te word nie.


In die warmer middelveldgebied van Natal ontwikkel die wolhaar in die winter nie in dieselfde mate as in die hoëveld nie en in die laeveld glad nie.

Die vermoë van die ras om hom onder uiters warm, vogtige omstandighede aan te pas, moet toegeskryf word aan sy glansende, weerkaatsende swarthaarbedekking, gepaard met 'n redelike groot veloppervlakte soos sy inheemse voorvaders verkry het deur jare se natuurlike seleksie.

Die Drakensberger besit 'n lang reproduktiewe lewe. Daar is heelparty gevalle van koeie wat oor die 20 jaar oud is en nog kalf.

### TEELSTANDAARDE

In 1958 is die punteskaal hersien juis met die doel om meer klem op die vleishoedanighede van die ras te lê. ☐



Die Drakensbergerkoei is, soos die bul, lank van rug, met ook die val na agter. Die horings is gaffelvormig met 'n plat kruin, die profiel plat afgesien van die beskermende oogbanke, die kop breed en oral gevul. Die broek is plat maar lank.

**PUNTESKAAL VIR BUL**

| | | |
|---|---|---|
| A. | Algemene voorkoms, stand en gang, karakter en balans | 20 |
| B. | Kop en horings | 9 |
| C. | Nek, skouers, kambene, skof en keelvel | 7 |
| D. | Bors, hartomvang, ribbes en verteringsruim | 12 |
| E. | Rug, lende, kruisstuk, algemene toplyn en stert | 20 |
| F. | Dye en broek | 10 |
| G. | Bene en kloue | 8 |
| H. | Manlike organe | 4 |
| I. | Vel en haar | 6 |
| J. | Beenstruktuur | 4 |
| | Totaal | 100 |

**PUNTESKAAL VIR KOEI**

| | | |
|---|---|---|
| A. | Algemene voorkoms deur egtheid, karakter bepaal | 20 |
| B. | Kop en horings | 8 |
| C. | Nek, skouers, kambene, skof en keelvel | 6 |
| D. | Bors, hartomvang, ribbes en verteringsruim | 10 |
| E. | Rug, algemene toplyn en stert | 20 |
| F. | Dye en broek | 8 |
| G. | Bene en kloue | 8 |
| H. | Uier en spene | 10 |
| I. | Vel en haar | 6 |
| J. | Beenstruktuur | 4 |
| | Totaal | 100 |